BUG Gymnastics Potchefstroom

Contact at: 064 658 7130
admin@buggymnastics.co.za

NWU Kampus, Gebou B6,
Onderwys Departement

www.buggymnastics.co.za

2026

ALGEMENE INLIGTINGSBRIEF

Geagte Ouers,

Baie welkom aan al ons bestaande en nuwe gimnaste en hulle ouers by BUG Gimnastiek Klub. Ons hoop julle oefen lekker en die ouers geniet die gimnastiek saam met die kinders.

DOELSTELLINGS van Gimnastiek

- Die klub stel hom ten doel om genotvolle deelname aan gimnastiek te bevorder en die gimnaste bevredigend as sportlui en as gebalanseerde individue te ontwikkel.
- Die klub stel hom ten doel om aan die ingeskrewe lede van die klub kwaliteit afrigting te bied, met die oog op deelname aan kompetisies op plaaslike, provinsiale en nasionale vlak.

Die gimnastiekklub is ook betrokke by die opleiding van die NWU se Menslike Bewegingskunde en Sportkunde studente en dit is deel van die grondwet van die klub dat *"...daar aan die studente van die Universiteit die geleentheid gebied word om, deur deelname aan afrigting of ander klubaktiwiteite, hulself ook op die gebied van gimnastiek, algemene leierskap en bestuursfunksies asook sport- en afrigtingbeginsels, verder te bekwaam."* Jaarliks is daar 'n tydperk waar die studente hulle praktiese ure vir die akkreditasie van die GL-kwalifikasie by die klub kom doen, asook verskeie ander geleenthede (soos kompetisies) wat deur die studente as deel van hulle kurrikulum gereël en behartig moet word. Die studente word dan ook in samewerking tussen die twee instansies geëvalueer.
Alle afrigters van Gimnastiek is gekwalifiseerde afrigters en/of beoordelaars (op verskillende vlakke), en word jaarliks by die Suid-Afrikaanse Gimnastiek Federasie geregistreer.

PROGRAMME:

Daar is twee afdelings in die klub, naamlik:

1. Kompetisie-gerigte deelname en
2. Ontwikkelingsdeelname.

Die klem binne altwee hierdie afdelings is op genot in deelname en oefening, en om die kind holisties te ontwikkel. Vir die gimnaste wat toppresteerders wil wees in gimnastiek is daar geleentheid om hulle volle potensiaal te bereik, en vir die ontwikkelingsgimnaste is daar geleentheid om die gimnastiekoefeninge as deel van hul motoriese ontwikkeling te doen. Vir die ontwikkelingsgimnas is die klem



dus nie op die najaag van pryse en toekennings nie. Indien 'n gimnas egter kompetisie-gerigte deelname kies is daar 'n aantal kriteria waaraan hy/ sy moet voldoen, soos uiteengesit in die grondwet en huishoudelike reëls van die klub.

FOOIE

Afrigtingsfooie

Registrasie vir nuwe gimnaste vir 2025 – R350.00
(Dit sluit fooie in vir algemene admin vir die jaar en Prysuitdelings onkostes)
(Moet assblief onmidelik betaal word)

Herregistrasie vir alle huidige gimnaste vir 2025 – R300.00
(Moet asseblief onmidelik betaal word met heraansluiting)

Die Registrasiefooie vir Badges/Medalje program/Stars 1-3 vir gimnaste R300.00 (Vorderings/evaluerings kompetisies se gelde nie ingesluit is nie)
Die Registrasiefooie vir Badges/Medalje program/Stars 3-4 vir gimnaste R350.00 (Vorderings/evaluerings kompetisies se gelde nie ingesluit is nie)
Die Registrasiefooie vir Badges/Medalje program Level 4 en op R250.00 (Vorderings/evaluerings kompetisies se gelde nie ingesluit is nie)

(Die Badges/Medalje program is 'n evaluasie wat ons doen met jou kind, waar die gimnas aan die einde van die jaar met Prysuitdeling 'n verslag kry en 'n medalje as die gimans die evaluasie deurkom saam met 'n sertifikaat) (Vorderings/evaluerings kompetisies se gelde nie ingesluit is nie)

(Julle het tot en met die 31 Maart om dit te betaal)

Maandelikse afrigtings fooie

1 uur 2x per week – eerste gimnas – R400
1 uur 2x per week – tweede gimnas – R380
1 uur 2x per week – derde gimnas – R360

2 ure 2x per week – eerste gimnas – R450
2 ure 2x per week – tweede gimnas – R430
2 ure 2x per week – derde gimnas – R410

Die afrigtingsfooie is vooruitbetaalbaar vir 10 maande (Februarie tot November), en kan jaarliks, kwartaalliks of in 10 maandelikse paaiemente betaal word.

NB. Indien u kind(ers) ophou met die gimnastiek moet daar 'n maand vooraf betaalde kennis gegee word en 'n kansellasievorm moet ingevul word. Sonder 'n kanselasie vorm kan ons nie die rekening afsluit nie. *(Voorbeeld: As jy in Maart kanselleer moet jy nog vir April betaal.) Kanselasie vorms is beskikbaar op aanvraag by Jealene en daar is nou een beskikbaar aanlyn op ons webblad. (https://gymnastics.co.za/kansellsie-brief/) Gimnaste wat vir meer as 1 maand/ 4 weke afwesig is sal, mits daar 'n reëling met die klubbestuurder getref is, as onaktiewe lede beskou word en hulle plekke sal aan nuwe gimnaste gegee word. Vanaf 1 Maart 2019 sal slegs gelde wat vir n volle jaar of vir 2 kwartale vooruit betaal is terug betaal word. R75 bankkostes sal ook afgetrek word voordat die bedrag terug betaal word. Ouers wat terug betaling moet ontvang moet 'n vorm by ontvang en dit invul sodat die bestuur die terug betaling kan goedkeur. Indien so vorm nie ingevul het nie en daar is 'n surplus op u rekening sal ons na 3 maande aanvaar dit is 'n skenking aan die klub. Indien ons geen skriftelike kansellasie ontvang nie gaan die klasgelde outomaties op u rekening verskyn. Hierdie is slegs reëlings sodat ons finansies beter geadministreer kan word.*
Alle gelde moet betaal word voor 30 November 2025.

Kompetisiefooie

Omdat die standaard van gimnastiek in die provinsie baie hoog is, sal slegs gimnaste wat deur die hoofafrigters geïdentifiseer word vir kompetisies ingeskryf word. Kompetisies se inskrywingsgelde is vooruitbetaalbaar voor elke kompetisie. Gimnaste wat onttrek nadat die inskrywings deurgestuur is (of nie deelneem sonder voldoende vooraf kennisgewing nie), is steeds verantwoordelik om die inskrywingsgelde te betaal. Slegs gimnaste wat by GSA geregistreer is mag aan die Provinsiale kompetisies deelneem.

Die Registrasiefooie vir GSA is betaalbaar voor 28 Februarie 2026 vir slegs Kompetisie gimnaste wat, L1-3 is en Noord Wes en Zone gaan doen is: R770,00
en Kompetisie gimnaste wat L4+ is en Noord Wes en National Gymnastics Championship wil deelneem is: R975.00
Laat betaling na die 28 Februarie 2025 is daar 'n boete voor wat ons nog nie ontvang het nie: (maar 2025 se bedrag was R1090.00)
(Dit registreer jou kind by GSA maar jy moet nog kompetisie gelde ook betaal)

Alle nuwe gimnaste begin op ons Stars program en kan eers aan GSA-kompetisies deelneem nadat Stars 6 voltooi is.

Stars 4-6 gimnaste het een keer per jaar aan die einde 'n evaluerings kompetisie. Plek, tyd en inskrywings gelde sal nog deur gegee word.

Stars 6 gimnaste kan aan Level 3 vriendskaplike kompetisies deelneem.

Kinders wat inskryf vir Noordwes kompetisie, moet asseblief **3 vriendskaplike kompetisie** doen voor Noordwes kompetisie.

L4+ neem deel aan die NW kampioenskap. Hulle ontvang dus vol NW kleure (Sweetpak en Leotard vir die seuns, dogters het eie keuse vir hulle leotard) en kan dan aan die Gym Games deelneem waar die hele land se beste gimnaste vir n week lank teen mekaar kompeteer.

KLERASIE

Alle gimnaste moet **'n leotard** dra tydens die oefening. (Meisies dra 'n leotard [skipant is nie verpligtend nie] en seuns 'n leotard met 'n ski-pant). **Bring ook asb. kouse saam vir die opwarming en vloeroefeninge.** Vir uitnodigings-, provinsiale & nasionale kompetisies is die amptelike kompetisieleotard en -sweetpak van die klub/provinsie verpligtend vir alle gimnaste. Klerebestellings sal in Maart en Julie geneem word, en alle bestellings moet saam met 'n bewys van betaling aan die klubbestuurder gegee word. Indien u kind nie 'n leotard het nie mag die volgende klere gedra word.

BRING EN AFHAAL VAN GIMNASTE BY KLUB

U moet asb. van die **Esselen straat-ingang** gebruik maak vir die op- en aflaai van u kind(ers). Gimnaste moet asb. tot in die saal gebring word deur die persone wat hulle bring, en ook weer BINNE die saal afgehaal word na die oefensessie. Tref asb. 'n reëling met Eldi indien u nie u kind(ers) binne 15 minute na die oefensessie kan kom afhaal nie. Die kaart na die parkering is soos aangedui:



KOMMUNIKASIE DEUR NUUSBRIEWE EN WHATSAPP

As gevolg daarvan dat ons kostes wil bespaar gee ons deur die loop van die jaar inligting en/of herinneringsboodskappe deur WhatsApp groepe deur, inligting sal ook op webtuiste geplaas word.

Maak asseblief seker in die begin van die jaar dat u op 'n ouers groep is. As u kind aan kompetisies deelneem, gaan daar dus 'n groep wees vir daardie ouers ook. As u nie op die groepe is nie kontak my soos hier onder. (Ons begin 3 Februarie 2026 met oefening vir die gimnaste en sal u dus voor die tyd al op 'n groep plaas) (Geen ouers sal op die groepe inligting kan deurgee nie net die bestuur van sal kan.)

As u selfoon nommer of epos adres verander deur die jaar gee dit asseblief deur na admin by finance@gymnastics.co.za
of 064 658 7130.

Die bestuur van die klub stuur jaarliks briewe aan al die ouers waarin die name van gimnaste wat hul kleure verwerf het in gimnastiek erken word en ook verdere uitsonderlike prestasies aan die skool deurgegee kan word. Die skole erken dan meestal die gimnaste deur balkies, sertifikate of erekleure, asook foto's in die plaaslike koerante. Geen beginnersgimnaste doen in die eerste jaar GSA-

kompetisies nie, tensy die ouers spesifiek navraag doen daaroor. Die gimnas sal dan deur die hoofafrigters geëvalueer word en kan aan kompetisies deelneem indien hy/sy gereed geag word daarvoor.

VEILIGHEID EN NOOD HULP

- Al ons afrigters het Noodhulp Vlak 1 / 2 kwalifikasie. Gereelde kursusse word bygewoon om die veiligheid van ons gimnaste te verseker.
- Ons gebruik Savlon om klein wonde te ontsmet; as jou kind allergies is daarvoor laat weet ons asseblief.

POPI-wet

- Geen ouers se telefoonnommers en persoonlike inligting van die ouers en gimnaste sal uitgegee word nie.
- Alle inligting sal per Whatsapp en Whatsapp groep deur gegee word.
- Alle foto's en video's wat in die klub geneem word sal nie sonder ouers se toesteming gebruik word vir bemarking nie.

Weereens welkom terug, ons hoop julle geniet dit om deel te wees van ons familie.
Julle is enige tyd welkom as julle inligting benodig om ons te kontak, selfs ook as julle positiewe of negatiewe inligting wil deur gee.

Gim-groete, **Eldi Cloete** (Klubbestuurder –074 602 0800, eldi@gymnastics.co.za)
Gim-groete, **Jealene Swart** (Finansies & Admin – 064 658 7130, finance@gymnastics.co.za)